Plak asseblief die strepieskode-etiket hier	PUNTE-TOTAAL

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL I

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur 150 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 36 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Die vraestel is verdeel in Afdeling A (25 punte), Afdeling B (75 punte) en Afdeling C (50 punte).
3. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en lewer dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie wat voorsien word, te skryf.**
4. As jy meer spasie nodig het, kan jy die ekstra reëls gebruik wat aan die einde van elke vraag of aan die einde van die vraestel voorsien word. Maak egter seker dat jy dit duidelik aandui om te verseker dat jou antwoord volledig nagesien word.
5. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
7. Lees die vrae sorgvuldig. Let op die bewoording van die vrae, soos verduidelik, noem, kies, bespreek en identifiseer, en beantwoord dan dienooreenkomstig.
8. Gee jou antwoorde in algemene terme. Gebruik handelsname slegs wanneer jy gevra word. Gebruik byvoorbeeld "woordverwerker" in plaas van "Microsoft Word" of "WordPerfect".
9. Gewoonlik word 'n punt per feit toegeken. 'n Tweepuntvraag sal dus twee feite vereis, ensovoorts.
10. MOENIE KORRIGEERVLOEISTOF GEBRUIK NIE.

SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK: NASIENER MOET PUNTE INSKRYF

V1	V2	V3	V4	V5	V6	V7	V8	V9	TOTAAL
15	**10**	**22**	**17**	**10**	**12**	**14**	**25**	**25**	**/150**

IEB Copyright © 2021

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies die woord(e) in Kolom B wat die definisie in Kolom A die **BESTE** beskryf. Skryf **SLEGS** die letter van jou keuse langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word, byvoorbeeld 1.1.6 M.

	Kolom A	**Kolom B**
1.1.1	'n Verspreide stelsel waar die hulpbronne van baie rekenaars gedeel word en tegelykertyd gebruik word om 'n enkele probleem op te los.	A. Dekriptering
1.1.2	Die proses om 'n lêer tegelykertyd van meer as een bediener van die internet af te laai.	B. Etikette
1.1.3	Die gebruik van kodes of sleutels om data te ontsluit sodat dit deur jou of 'n rekenaar gelees en verstaan kan word.	C. Portaal
1.1.4	Kode wat beskryf hoe 'n webbladsy in html geformateer word.	D. Roosterverwerking
1.1.5	'n Toestel wat gebruik word om twee verskillende netwerke te verbind, veral 'n verbinding met die internet.	E. NIC
		F. Wagwoorde
		G. Torrenting
		H. Roeteerder
		I. Metadata
		J. Stroming
		K. Keepkarakters
		L. Wolkverwerking

SKRYF JOU ANTWOORD HIER

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	
1.1.4	
1.1.5	

(1)

(1)

(1)

(1)

(1)

IEB Copyright © 2021

1.2 Kies die **TOEPASLIKSTE** antwoord op elke vraag. Skryf **SLEGS** die letter van jou keuse langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word.

1.2.1 Wanneer 'n e-posboodskap geskandeer word, het jy 'n opsie om "protect against timeouts" te kies. Dit beteken dat die teenvirusprogram …

A vir jou sê wanneer die internetverbinding verbreek sal word.
B jou inkomende en uitgaande e-pos binne 'n spesifieke tydraamwerk skandeer.
C verhoed dat onderbrekings van jou e-posprogram foute vertoon wanneer aanhegsels geskandeer word.
D vermeende e-poswurms wat bespeur is, outomaties verwyder.

1.2.1	

(1)

1.2.2 Veldname in 'n uitdrukking in 'n databasisobjek word tussen … ingesluit.

A ronde hakies
B vierkantige hakies
C enkelaanhalingstekens
D dubbelaanhalingstekens

1.2.2	

(1)

1.2.3 Watter een van die volgende opsies verwys na die spoed en tipe verbinding wat deur netwerke aangebied word?

A FTP
B ISP
C GPS
D HSDPA

1.2.3	

(1)

1.2.4 Watter een van die volgende stellings oor rekenaargeheue is **ONWAAR**?

A SDRAM, DDR en DDR3 is voorbeelde van rekenaargeheue.
B Dubbeldatatempo is 'n vinnige tipe rekenaargeheue.
C Jy kan verskillende tipes rekenaargeheue meng.
D SRAM word vir cachegeheue gebruik.

1.2.4	

(1)

IEB Copyright © 2021

1.2.5 Watter een van die volgende objekte in 'n databasis maak nie voorsiening vir 'n Databladaansig nie?

A Vorms
B Tabelle
C Verslae
D Navrae

1.2.5	

(1)

1.2.6 Watter een van die volgende is **NIE** 'n funksie wat vir berekeninge in 'n Word-tabel beskikbaar is nie?

A LEN
B SUM
C AVERAGE
D COUNT

1.2.6	

(1)

1.2.7 Baie tuisgebruikers is huiwerig om video in 'n webgesprek te gebruik, want …

A dit vereis dat die jongste bedryfstelsel geïnstalleer moet wees.
B webkameras is nie nodig nie.
C dit sal die beskikbare perk vinnig verlaag.
D webkameras kan slegs .jpg-lêers vaslê en stuur.

1.2.7	

(1)

1.2.8 Jy het onlangs 'n nuwe drukker gekoop en vind dat dit poeierink vinnig opgebruik. Watter van die volgende is moontlike metodes wat jy kan aanwend om die hoeveelheid papier en ink wat gebruik word te verminder?

(I) Verminder, hergebruik of herwin papier.
(II) Proeflees konsepkopieë voor die finale drukwerk.
(III) Gebruik die ekonomiese modus of inkbesparende modus van jou drukker vir konsepdrukwerk.
(IV) Stoor e-posboodskappe en lêers op jou rekenaar in gidse wat spesifiek geskep is in plaas daarvan om sigkopieë te hou.
(V) Druk sy aan sy en aan weerskante.

A Al bogenoemde
B Almal behalwe I
C Almal behalwe II
D Slegs III

1.2.8	

(1)

IEB Copyright © 2021

1.2.9 Watter **EEN** van die volgende eienskappe van 'n woordverwerkingsprogram kan gebruik word om vinnig na 'n spesifieke woord of frase in 'n dokument te beweeg?

A Eindnota
B Boekmerk
C Formule
D Tesourus

1.2.9	

(1)

1.2.10 'n Kortpad vir 'n reeks sleuteldrukke en/of muisbewegings wat vir toekomstige gebruik aangeteken kan word om 'n prosedure of taak te outomatiseer, staan as … bekend.

A 'n invoegsel
B SQL
C 'n slimetiket
D 'n makro

1.2.10	

(1)
[15]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V1	

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2

2.1 Kies die **TOEPASLIKSTE** term/funksie (onderstreep en tussen hakies gegee) vir elke stelling wat volg. Skryf **SLEGS** die term/funksie van jou keuse langs elke stellingnommer in die spasie wat voorsien word.

2.1.1 Inprop en speel is 'n eienskap van moderne bedryfstelsels wat outomatiese bespeuring en konfigurasie van (hardeware/sagteware) moontlik maak.

2.1.1	

(1)

2.1.2 'n (PAN/VPN) is 'n veilige manier om van 'n afgeleë plek af met 'n privaat LAN te verbind deur die internet te gebruik.

2.1.2	

(1)

2.1.3 Die maksimum hoeveelheid data wat binne 'n bepaalde tydperk van een punt na 'n ander met 'n kommunikasiekanaal langs versend kan word, word (breëband/bandwydte) genoem.

2.1.3	

(1)

2.1.4 (BPS/BPM) is die eenheid wat gebruik word om die spoed van 'n drukker te meet.

2.1.4	

(1)

2.1.5 Die (SISU/EIEU)-beginsel verwys na die feit dat onakkurate data onakkurate inligting sal oplewer.

2.1.5	

(1)

2.1.6 'n (Aktiveringsleutel/Produksleutel) is 'n spesifieke sagtewaregebaseerde sleutel vir sekere rekenaarprogramme; dit word ook gebruik om die getal installasies na te speur.

2.1.6	

(1)

IEB Copyright © 2021

2.2 Brei die volgende akronieme uit:

2.2.1 DIMM

_____

(1)

2.2.2 SPD

_____

(1)

2.2.3 OKR

_____

(1)

2.2.4 IKT

_____

(1)
[10]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V2	

25 punte

IEB Copyright © 2021

AFDELING B

VRAAG 3 STELSELTEGNOLOGIEË

3.1 Identifiseer elke beeld wat volg en voltooi die tabel daaronder.

3.1.1



[Bron: <https://softlay.net>]

Naam van hardeware/sagteware	Hooffunksie

(2)

3.1.2



[Bron: <https://www.f3nws.com/news/
amd-ryzen-7-1800x-review-kZdcUG>]

Naam van hardeware/sagteware	Hooffunksie

(2)

IEB Copyright © 2021

3.1.3



[Bron: <https://www.the-home-cinema-guide.com/>]

Naam van hardeware/sagteware	Hooffunksie

(2)

3.1.4



[Bron: <https://www.tomshardware.com/reviews/>]

Naam van hardeware/sagteware	Hooffunksie

(2)

3.2 Die volgende spesifikasies vir 'n rekenaar is op 'n webwerf geadverteer:

23" 16:9 wye skerm VGA- en HDMI-afvoer 120 GG SATA-hardeskyfaandrywer

3.2.1 Gee die eenheid waarin die 23"-spesifikasie gemeet word.

_____

_____

(1)

3.2.2 Dui aan waarna die spesifikasie 16:9 verwys.

_____

_____

(1)

3.2.3 Vergelyk HDMI met VGA deur **TWEE** redes te gee waarom HDMI 'n voordeel bo VGA het as afvoermetode. *(Moenie bloot "beter beeldgehalte" as jou antwoord gee nie.)*

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2021

3.2.4 Wanneer jy die 120 GG SATA-hardeskyfaandrywer installeer, vind jy dit werk nie op jou stelsel nie. Gee **TWEE** moontlike redes waarom die hardeskyfaandrywer dalk nie werk nie.

(2)

3.3 Die rugsteun van lêers moenie op die primêre aandrywer (C:) gedoen word nie, dus word 'n eksterne hardeskyfaandrywer (E:) met die rekenaar verbind om rugsteunlêers te stoor. Bestudeer die volgende beskrywing van 'n lêer en beantwoord die vrae wat volg:

E:\BACKUP\FinalExam\NOV.ZIP

3.3.1 Verduidelik **EEN** moontlike voordeel daarvan om hierdie lêer *lees-alleen* te maak.

(2)

3.3.2 Die lêer NOV.ZIP is gekompakteer, wat beteken dat die grootte daarvan verminder is. Wat is die voordeel van 'n kleiner lêergrootte?

(1)

3.3.3 Verduidelik waarom dit nie 'n goeie idee is om rugsteunlêers op dieselfde rekenaar as die oorspronklike lêers te stoor nie.

(1)

3.4 Afgesien van hul kernfunksies sluit stelselsagteware ook ander nuttige programme in wat gesamentlik as "nutsprogramme" bekend staan.

3.4.1 Waarvoor word 'n *skeduleerder*program gebruik?

(1)

IEB Copyright © 2021

3.4.2 Gee enige **EEN** kriterium wat 'n lêerbestuurder soos Windows Explorer kan gebruik om na 'n lêer te soek afgesien van die naam van die lêer.

_____

_____

(1)

3.4.3 Gee **EEN** moontlike kortpad-sleutelkombinasie (met of sonder die gebruik van die muis) wat gebruik kan word om die Task Manager-nutsprogram oop te maak en noem **EEN** gebruik van hierdie nutsprogram.

_____

_____

_____

(2)
[22]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V3	

IEB Copyright © 2021

VRAAG 4 INTERNET EN NETWERKTEGNOLOGIEË

'n Vriend van jou het 'n onderneming begin en moet sy kleinkantoor-netwerk opstel.

4.1 Skryf die woord neer wat die **BESTE** by die verduideliking in elkeen van die volgende gevalle pas:

4.1.1 Hardeware en/of sagteware wat ongewenste toegang tot 'n netwerk deur ander rekenaars beperk of voorkom.

_____

_____ (1)

4.1.2 'n Selfdupliserende program wat homself oor 'n netwerk kan kopieer, tipies met 'n skadelike effek.

_____

_____ (1)

4.1.3 'n Toestel wat die sentrale verbindingspunt vir al die kabels is en die oordrag van data in die netwerk intelligent bestuur.

_____

_____ (1)

4.2 Die rekenaars moet in 'n netwerk verbind word. 'n Keuse moet gemaak word tussen die gebruik van UTP-kabels om hulle te verbind en draadlose verbinding.

4.2.1 Gee **TWEE** voordele daarvan om die netwerk draadloos te verbind, met ander woorde deur 'n WLAN te gebruik.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (2)

IEB Copyright © 2021

4.2.2 Gee **TWEE** moontlike nadele daarvan om die netwerk draadloos te verbind.

(2)

4.3 Internetverbinding sal vir jou vriend se werknemers beskikbaar wees. Daar word voorgestel dat 'n plakkaat gemaak word sodat almal kan kennis neem van die gevare wat met die gebruik van die internet geassosieer word.

4.3.1 Gee **TWEE** wenke wat op die plakkaat kan wees vir die voorkoming van domeinfoppery (*pharming*).

(2)

IEB Copyright © 2021

4.3.2 Gee **EEN** wenk wat 'n riglyn kan wees vir die veilige gebruik van die internet.

_____

_____

_____

_____

(1)

4.3.3 Gee **EEN** veiligheidswenk vir aanlyn wisselwerking met ander.

_____

_____

_____

_____

(1)

4.4 Die onderneming wil graag sy produkte verkoop deur slegs 'n aanlyn internetwerf te gebruik.

4.4.1 Gee **TWEE** eienskappe wat hul webwerf moet insluit.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2021

4.4.2 Noem **TWEE** voordele daarvan dat klante die internet vir inkopies gebruik.

(2)

4.4.3 Skryf **EEN** voordeel daarvan neer dat klante inligting op die internet soek eerder as om boeke te gebruik.

(1)

4.5 Hoe kan 'n verslag via die internet na die verkoopskantoor in die huis oorkant die pad gestuur word om terugvoer te gee oor hoe produkte verkoop?

(1)
[17]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V4	

IEB Copyright © 2021

VRAAG 5 INLIGTINGSBESTUUR

Google Street View is 'n tegnologie wat deel is van Google Maps en Google Earth wat interaktiewe panoramas van posisies langs baie strate in die wêreld verskaf. Dit is in 2007 in verskeie stede in die Verenigde State bekend gestel en is sedertdien uitgebrei om stede en landelike gebiede wêreldwyd in te sluit. Strate wat Street View-beelde beskikbaar het, word as blou lyne op Google Maps vertoon. Die meeste fotografie word per motor gedoen, maar party word per driewiel, deur te stap, per boot, per sneeumobiel en met onderwaterapparaat gedoen.



[Bron: <http://www.bilkulonline.com/google-street-view-offers-peek-into-us-voting-pattern>, <https://www.wikipedia.org/wiki/Google_Street_View>]

5.1 Terwyl die Google Maps Street View-voertuie ry, lê dit data vas en hierdie data word inligting. Verduidelik die verskil tussen data en inligting deur in jou vergelyking 'n voorbeeld te gee wat met Google Maps verband hou.

(2)

5.2 Noem **DRIE** tipes inligting wat jy sal verwag om te ontvang sodra jy jou foon met die Google Maps-toepassing verbind het.

(3)

IEB Copyright © 2021

5.3 Identifiseer die **TWEE** funksies wat op jou foon nodig is om Google Maps-inligting te kan ontvang.

(2)

5.4 Identifiseer **TWEE** moontlike maniere waarop Google Maps die data wat ingesamel is tot voordeel van 'n land, sy burgers en sy padveiligheidsdepartemente kan gebruik.

(2)

5.5 Dui aan hoe die ingesamelde data 'n negatiewe effek op 'n landsburger se privaatheid kan hê.

(1)
[10]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V5	

IEB Copyright © 2021

VRAAG 6 SOSIALE IMPLIKASIES

6.1 Mense gebruik gewoonlik toestelle om boodskappe en/of digitale data vir mekaar te stuur. Gee **TWEE** voorbeelde van hoe digitale kommunikasie 'n maatskappy geld kan bespaar.

(2)

6.2 Blogs is nou 'n alledaagse deel van die lewe en word deur individue sowel as besighede geskep. Definieer die term *blog* en verduidelik kortliks hoe dit werk.

(2)

IEB Copyright © 2021

6.3 *Wikipedia* is waarskynlik die bekendste voorbeeld van 'n *wiki.* Wanneer jy 'n werkopdrag doen, moet jy *Wikipedia* as 'n bron van inligting versigtig gebruik.

Wei uit oor die stelling wat gemaak word deur te verduidelik wat 'n *wiki* is, hoe dit gewoonlik werk en waarom dit versigtig gebruik moet word as 'n bron van inligting.

(3)

6.4 Internetbankwerwe waarsku kliënte dikwels om nie openbare rekenaars te gebruik nie, vanweë die gevaar van *spioenware* en *sleutelloggers*.

Verduidelik kortliks wat hierdie stelling beteken deur spesifiek na elkeen van die terme *spioenware* en *sleutelloggers* te verwys en verduidelik ook waarom internetbankwerwe kliënte waarsku.

(3)

IEB Copyright © 2021

6.5 Verduidelik kortliks wat *inligtingoorlading* is en hoe dit mense se lewens op 'n negatiewe manier kan beïnvloed.

(2)
[12]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V6	

IEB Copyright © 2021

VRAAG 7 OPLOSSINGONTWIKKELING

7.1 Die Marvel-franchise wil weet hoe goed die onderneming vaar. Die finansiële beampte van Marvel stel 'n begrotingspreitabel soos volg op:

[Bron: <https://www.marvel.com/>]

	A	B	C	D	E	F	G
1	**Begroting**						
2	**Maand**	**Koste van vervoer**	**Koste van toerusting**	**Totale koste**	**Totale verkope**	**Wins/ Verlies**	
3	Januarie	900 000	860 000	1 760 000	4 050 000	2 290 000	Wins
4	Februarie	850 000	590 000	1 440 000	1 380 000	-60 000	Verlies
5	Maart	920 000	700 000	1 620 000	2 000 000	380 000	Wins
6	April	1 000 000	660 000	1 660 000	3 900 000	2 240 000	Wins
7	Mei	1 005 000	740 000	1 745 000	4 200 000	2 455 000	Wins
8	Junie	1 400 000	890 000	2 290 000	5 000 000	2 710 000	Wins

7.1.1 Skryf die formule neer wat in **F3** gebruik word wat die wins/verlies vir Januarie sal bereken.

(2)

7.1.2 Skryf die volledige funksie neer wat die woorde *Wins* of *Verlies* wat in **G3** gebruik word, sal vertoon.

(3)

7.1.3 Watter van die kolomme sal nodig wees om 'n lyngrafiek van die verkope en koste vir Januarie tot Junie te skep?

(3)

IEB Copyright © 2021

7.1.4 Identifiseer die formatering wat in Ry 1 Sel A–G gebruik word.

_____

_____

(2)

7.2 Die bemarker besef dat 'n aanlyn teenwoordigheid noodsaaklik is vir die sukses van die Marvel-franchise. Hy vra jou om 'n webwerf op te stel. Jy het geleer om html te programmeer en jy kom met die volgende kode vorendag:

```
<html>
<title>Marvel-franchise</title>
</head>
<p><table cellpadding=5 cellspacing=10 width=0 border=0 bgcolor="#000080"
background="images/wallpaper.jpg">
<tr>
<th colspan=1 rowspan=1>Besteltye</th>
<th colspan=1 rowspan=1>09.00</th>
<th colspan=1 rowspan=1>10.00</th>
<th colspan=1 rowspan=1>11.00</th>
<th colspan=1 rowspan=1>12.00</th>
<th colspan=1 rowspan=1>13.00</th>
</tr>
</body>
```

Wanneer jy die kode hierbo probeer uitvoer, vertoon dit nie wat jy verwag het nie. Bestudeer die kode sorgvuldig en bepaal watter merkers per ongeluk weggelaat is. Noem enige **VIER** ontbrekende merkers hieronder:

_____

_____

_____

_____

(4)
[14]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V7	

75 punte

IEB Copyright © 2021

AFDELING C

VRAAG 8 GEÏNTEGREERDE SCENARIO

Met die baie moontlikhede wat beskikbaar is om óf by 'n plaaslike tersiêre instelling óf aanlyn te studeer, besluit jy om die opsie te ondersoek om aanlyn te studeer.

Jy soek op die "web" en jy kom op die volgende URL vir Arden University af: https://arden.ac.uk/uk-university-courses-in-africa. Jy blaai deur hul webbladsye en besef dat jy aanlyn by hierdie universiteit kan studeer terwyl jy by die huis bly in Suid-Afrika en 'n internasionaal erkende kwalifikasie kan behaal.

Aanlyn leer stel jou in staat om deeltyds te studeer. Jy is 'n skoolverlater wat jou loopbaan wil begin sonder om jou opvoeding op te offer en aanlyn studie kan dalk die oplossing vir jou wees.

'n Uittreksel uit die Arden University-webwerf word in Figuur 1 getoon.

ARDEN UNIVERSITY

Follow Us:

By Arden glo ons elkeen, oral, het die reg op hoër onderwys. Ons het meer as 50 000 studente oor 25 jaar ondersteun en is die kundiges wat buigsame hoër onderwys betref. Ons bied loopbaangerigte gemengdeleer-kwalifikasies by ons Londen-kampus aan sowel as aanlyn kursusse oral oor die wêreld.

In Augustus 2015 het ons amptelik Arden University geword – die enigste spesialis-afstandsleeruniversiteit wat in die laaste 50 jaar in die VK begin is.

Meer as 50 000 mense wêreldwyd het by ons studeer en hul kwalifikasies deur aanlyn en afstandsleer behaal.

Die enigste verskil tussen 'n kwalifikasie van Arden University en 'n tradisionele kampus is die buigsame manier waarop ons die kursus aanbied. Met 24/7-, multitoestel- en multimedia-leermateriaal en 'n ultramoderne "virtuele klaskamer"-studieportaal kan jy enige tyd van enige plek in die wêreld af studeer indien jy toegang tot die internet het.

[Bron: <https://arden.ac.uk/>]

Figuur 1

8.1 Alle webbladsye word deur 'n *URL* geïdentifiseer. Gee 'n goeie verduideliking van die term "URL" en die doel daarvan.

(2)

IEB Copyright © 2021

8.2 Terwyl jy nog inligting oor aanlyn studeer soek, kom jy op die volgende skerm af terwyl jy 'n soekenjin gebruik.



Gee **TWEE** redes waarom die Back-knoppie soms "grys" vertoon en nie gebruik kan word nie.

(2)

8.3 Om 'n ingeligte besluit te neem moet jy Arden University kontak. Jy is van mening dat dit dalk nie die beste opsie sal wees om 'n e-pos met al jou vrae te stuur nie. Jy verkies om 'n intydse gesprek te voer en dus besluit jy om Skype te gebruik.

8.3.1 Wat is Skype en hoe werk dit?

(2)

IEB Copyright © 2021

8.3.2 Gee **DRIE** aanbevelings wat as goeie praktyk beskou word wanneer Skype gebruik word.

(3)

8.3.3 Wanneer jy jou eerste Skype-oproep maak, kom daar geen klank uit die luidsprekers nie, selfs al is hulle korrek ingeprop en aangeskakel.

Stel **TWEE** foutspeuringsprosedures voor wat jy kan probeer om die klank behoorlik aan die werk te kry.

(2)

IEB Copyright © 2021

8.4 Jy moet met 'n nuwe kantoorsuite werk wat 'n goeie gebruikersgesentreerde ontwerp het, maar die sagteware het nog foute en vries dikwels op jou rekenaar.

Verduidelik kortliks die verskil tussen 'n regstelling (*patch*) en 'n dienspakket (*service pack*) in terme van die **rol** (funksie) wat elkeen in sagteware speel.

(2)

8.5 Dit is belangrik dat elke student geregistreer is sodat Arden University kan verseker dat alle werkopdragte eg is. Watter **TWEE** brokkies data sal benodig word om op die webwerf aan te teken? Identifiseer hulle en onderskei tussen die twee.

(4)

8.6 Jy oorweeg 'n *fablettoestel*. Daar is vir jou gesê dat vanweë die *digitale kloof* nie elkeen so bevoorreg is om hierdie opsie te hê nie.

8.6.1 Beskryf kortliks wat 'n fablet is in terme van ander soortgelyke draagbare rekentoestelle.

(2)

IEB Copyright © 2021

8.6.2 Wat is die *digitale kloof*?

(1)

8.7 Arden University het twee maniere waarop jy hulle kan volg, naamlik Facebook en Twitter.

8.7.1 Identifiseer die term wat gebruik word vir werwe waar individue of organisasies waarvan hulle hou, waarvan hulle nie hou nie, belangstellings en kommentaar kan plaas.

(1)

8.7.2 Dui **TWEE** redes aan waarom dit tot jou voordeel sal wees om Arden University op Facebook en Twitter te volg.

(2)

8.8 Jy het gehoor "Microsoft Office 365 is 'afwaarts' of 'terugwaarts' versoenbaar met Microsoft Office 2016".

8.8.1 Verduidelik wat die stelling hierbo beteken.

(1)

IEB Copyright © 2021

8.8.2 Beskryf kortliks 'n algemene tegniek om versoenbaarheidsprobleme tussen verskillende weergawes van dieselfde toepassing op te los of te oorkom.

_____

_____

_____

(1)
[25]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V8	

IEB Copyright © 2021

VRAAG 9 GEÏNTEGREERDE SCENARIO (vervolg)

9.1 "Jy kan enige tyd van enige plek in die wêreld af studeer indien jy toegang tot die internet het."

9.1.1 Gee 'n kort, maar duidelike definisie van die term *internet* en die vernaamste funksies daarvan.

(3)

9.1.2 Bespreek hoe jou rondblaai-ervaring beïnvloed kan word deur 'n mobiele toestel in plaas van 'n skootrekenaar te gebruik wanneer jy toegang tot Arden University se webwerf verkry.

(2)

IEB Copyright © 2021

9.2 Aangesien jy aanlyn studeer, sal jy 'n kragtige rekenaar benodig wat jou studie-ervaring 'n positiewe een kan maak.

9.2.1 Noem **TWEE** van die vernaamste hardewarekomponente van 'n rekenaar wat dit gewoonlik meer of minder kragtig maak as 'n ander rekenaar.

(2)

9.2.2 Jy moet jou ouers oortuig om vir jou 'n skootrekenaar te koop. Gee **DRIE** voordele van 'n skootrekenaar.

(3)

IEB Copyright © 2021

9.2.3 Bestudeer die beeld hieronder wat 'n paar van die eienskappe van 'n plaaslike hardeskyfaandrywer op 'n skootrekenaar toon. Verduidelik die doel van die Disk Cleanup-knoppie.



(1)

9.3 In die uittreksel uit Arden University se webwerf word melding gemaak van "multimedia-leermateriaal".

9.3.1 Wat word met die term *multimedia* bedoel?

(2)

9.3.2 Gee **EEN** voorbeeld van gewilde multimedia-outeursagteware.

_____

_____

_____

(1)

9.3.3 Dui aan of "multimediasagteware" *stelselsagteware* of *toepassingsagteware* is.

_____

_____

(1)

9.4 Gee **TWEE** redes waarom jy dit moet oorweeg om 'n OKT te koop.

_____

_____

_____

_____

(2)

9.5 Aanlyn berging en wolkverwerking word al gewilder onder gebruikers om lêers te deel, te sinchroniseer en te stoor.

9.5.1 Gee **EEN** voorbeeld van aanlyn bergingsagteware.

_____

_____

(1)

9.5.2 Verduidelik wat dit beteken om lêers te sinchroniseer.

_____

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2021

9.6 As jy nie die gebruik van jou elektroniese toestel bestuur terwyl jy aanlyn studeer nie, kan dit die omgewing benadeel en kan jy gesondheidskwessies ontwikkel.

9.6.1 Definieer die term *groenverwerking*.

_____

_____

(1)

9.6.2 Gee **DRIE** wenke oor hoe om groenverwerking te beoefen.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

(3)

9.6.3 Gee **TWEE** gesondheidswenke oor hoe jy 'n ooreisingsbesering kan voorkom.

_____

_____

_____

_____

(2)
[25]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V9	

50 punte

Totaal: 150 punte

IEB Copyright © 2021

ADDISIONELE SPASIE

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE ADDISIONELE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.

IEB Copyright © 2021